# Die Rietstok

30ste Nuusblad van Streek Rietvallei
Maart 2015

Daar was eendag ‘n baie ryk man wat sy seun op ‘n uitstappie na die platteland geneem het met die uitsluitlike doel om hom te wys hoe arm mense leef.

Hulle het ‘n paar dae en nagte op die plaas spandeer by mense wat as baie arm beskou sal word.

Oppad terug vra die pa vir sy seun: ‘Hoe was die uitstappie?’
‘Dit was wonderlik, pa’
‘Het jy gesien hoe arm mense leef?’ vra die pa
‘O ja!’ sê die seun
‘So, vertel my, wat het jy geleer op die uitstappie?’ vra die pa.

Die seun antwoord:
‘Ek het gesien dat ons een hond het, hulle het vier.’
‘Ons het ‘n swembad wat tot in die middel van die tuin strek en hulle het ‘n rivier wat geen einde het nie.’
‘Ons het ingevoerde lanterns in ons tuin en hulle het die sterre in die nag.’
‘Ons patio gaan tot in die voortuin en hulle het die hele horison.’
‘Ons het ‘n klein stukkie erf om op te bly en hulle het velde verder as wat ons kan sien.’
‘Ons koop ons kos, hulle groei hulle s’n.’
‘Ons het mure om ons eiendom om ons te beskerm, hulle het vriende om hulle te beskerm.’
Die seun se pa was sprakeloos.
Toe voeg die seun by: ‘Dankie pa, dat pa my gewys het hoe arm ons is.’

# Inhoudsopgawe


- Redaksioneel
- Rietvallei bestuur
- Sielskos
- Pitkos
- Rietvallei nuusbrokkies
- Lief en Leed
- Kampnuus
  - * Monateng - Januarie
  - * Drie Berge – Februarie
  - * Klein Paradys – Maart
- Uitreik aksies
  - *Horison Sorgsentrum
- Senior Burgerhoekie
- Jeugnuus en -dinge
- Saamtrekplaatjies
- Verjaarsdae
- Huweliksherdenkings
- Van toeka se dae
- Knuppeldik
- Lag 'n slag
- Kampprogram
- Adverteer


# Redaksie

Dit voel of die nuwe jaar nou net begin het, en hier is ons al klaar in Maart maand!
As jy in die Bybel lees is die hoof tema 'LIEFDE'. God is immers liefde. Sy opdrag aan ons is om Sy liefde uit te dra na die mense om ons. Ongelukkig nie net aan die waarvan ons hou en wat maklik is om oor die weg te kom nie, maar ALMAL.
Dis nie maklik nie, maar as ons minder op onsself fokus en meer op die mense om ons, glo ek sal God ons wys wie het liefde nodig.
Ons moet nie opgaardamme van God se liefde wees nie, maar strome waardeur die liefde na ander kan vloei.

*Magdaleen Viljoen*

# Rietvallei Bestuur 2014/2015


**Voorsitter**
**Tjaart Klaasen** 082 785 6895
tjaartjk@absa.co.za

**Ondervoorsitter**
**Hans Koekemoer** 082 565 7896
erhans@absamail.co.za

**Penningmeester**
**Annelien Green** 082 711 0134
dodge38@iafrica.com

**Sekretaris**
**Leona Kruger** 071 201 0682
rietvallei.sawasekr@gmail.com

**Redakteur**
**Magdaleen Viljoen** 083 792 3078
magdaleenv@absa.co.za

**Kampkoördineerder**
**Wayne Botha** 076 066 9842
wayne@witklippies.co.za

**Senior Burgerverteenwoordiger**
**Margriet van den Berg** 082 586 0480
wavdberg@telkomsa.net

**Jeugverteenwoordiger**
**Denise Botha** 076 066 9842
denise@witklippies.co.za

**SAWA Webblad:**
www.sawa.org.za


Find us on Facebook

# Sielskos

"Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde."
1 Joh 4:8

"En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!"
1 Kor 13:13

# Drink genoeg water

**Om genoeg water te drink is belangrik. Meeste mense sê 8 glase 'n dag. Maar dit verskil van persoon tot persoon. 'n Goeie maatstaf is 1 glas water vir elke 10kg van jou gewig plus 2 ekstra (so as jy 80kg weeg is dit 8 glase + 2 ekstra = 10 glase water 'n dag). As die klimaat warm is moet jy natuurlik meer drink.**

**'n Paar redes hoekom water drink belangrik is:**

1. **Water is absoluut noodsaaklik om te oorleef. 'n Mens kan weke sonder kos oorleef, maar slegs 'n paar dae sonder water.**
2. **Kan help om gewig te verloor. Soms as ons dink ons is honger, is ons eintlik net dors. So as jy probeer gewig verloor, drink baie water, dit sal dien as 'n eetlusdemper en jou help om 'n paar kilo's af te skud.**
3. **Water help om energie vlakke te verhoog. Baie keer is ons moegheid eintlik matige dehidrasie.**
4. **Deur genoeg water te drink kan jy die risiko van sekere kankers verminder, soos kolon kanker, blaas kanker en selfs bors kanker.**
5. **Water kan die pyn in jou gewrigte verlig. Dit hou die kraakbeen sag en vogtig. Dit verhoed ook krampe.**
6. **Water verbeter die liggaam se algemene gesondheid deur afvalstowwe uit die liggaam te spoel. As die afvalstowwe in jou liggaam bly, kan dit jou baie siek maak.**
7. **Water kan ook hoofpyne verhoed of verlig. Soms word hoofpyn veroorsaak deur dehidrasie.**
8. **Water bevogtig jou vel en verseker dat nuwe selle vorm onder die vel. Dit laat jou vel sag en gloeiend/blossend voorkom.**
9. **Water help met die verteringstelsel en voorkom hardlywigheid.**
10. **Navorsing het getoon dat dehidrasie jou gemoedstoestand beinvloed. Water drink maak jou gelukkiger en help jou om helder te dink.**
11. **Water is noodsaaklik vir sirkulasie van voedingstowwe deur die hele liggaam.**
12. **Laastens, water is steeds goedkoper as enige koeldrank!**

**So drink BAIE water. Dra sommer altyd 'n bottel water saam met jou. Drink 'n glas water as jy opstaan en een 30 minute voor elke maaltyd. As jy moeg raak vir die smaak, druk bietjie suurlemoensap in die water.**




## *Rietvallei nuusbrokkies*

- Daar word weer werk beplan by Horison sorgsentrum die jaar. Ons sal die Rietvalleiers op hoogte hou met die datums.

- Na 'n suksesvolle fondinsameling met ons Lente Boerefees verlede jaar het ons vir Willem en Sonja de Jongh 'n gratis wegbreek naweek gereël en tydens  Drie Berge kamp is 'n naweek in die Kruger Wildtuin amptelik aan hulle oorhandig.



- Namens Rietvallei lede wil ons vir oom Mynhardt baie dankie sê vir die maak en skenk van die handige Bingo bord. Ons waardeer dit baie.

## Lief en leed

- Lulu Kleynhans was in Januarie vir 'n heup vervanging. Die operasie het goed afgeloop. Sy is op die herstel pad met die heup. Sy het las van 'n skouer wat pyn, maar vertrou dit sal ook gou beter wees;
- Steve en Lulu Kleynhans het in Januarie hul goue bruilof gevier. 50 jaar is 'n besondere mylpaal! Baie geluk;
- Willem Kruger se ouma is in Januarie oorlede. Innige simpatie aan julle en die familie;
- Elsette Jacobs was in Januarie vir 'n galblaas operasie. Sy sterk tans aan by die huis;
- Chris Delport was in Februarie vir 'n knie operasie. Dit het goed afgeloop. Met die uithaal het die been egter afgebreek en moes hulle 'n langer pen met 2 skroewe insit. Ons vertrou dat dit sommer gou sal herstel; en
- Sonja de Jongh het in Februarie gegaan vir 'n operasie aan haar voete. Sy herstel goed en het reeds by Drie Berge saam gekamp.


Vuuraanstekers: 'Cotton pads' gedoop in kerswas.

## Kampnuus

# Monateng

# 14 – 18 Januarie 2015

En so breek ons eerste kamp van die jaar 2015 aan, Monateng! Wat 'n heerlike naweek. Die oord is boomryk met genoeg koelte en gras vir almal. Daar is ook 'n swembad en waterwurm. Nog voor jy by hulle hek indraai, is daar bokkies wat in die gras wei. Dit skep 'n atmosfeer van rustigheid. 'n Mens sal nooit sê dat jy net buite die stad is nie.

Soos gewoonlik het die seniors al vanaf Woensdag die 14de Januarie af begin kamp. Hulle moes kamp opslaan in gietende reën, maar dit het hulle nie gekeer om te kuier en te braai nie. Johann en Alet Lemmer kamp saam as 'n SAWA gas en skryf die volgende oor hul ervarings:

Rietvallei en Kiepersol se seniors het al oor-en-weer getoer en ken mekaar al geruime tyd. Om saam te kamp is dus soos 'n reünie. Sommer die eerste dag was dit melktert saam met die tee en sommer kopstukke se gesels. Die tweede aand braai almal saam vleis en gesels tot laat. Die terrein is pragtig na die mooi reën, die voëls sing en die bokkies kyk vir ons deur die draad. Vrydagoggend moes ons ongelukkig afskeid neem, maar nie voordat Wim se verjaarsdag by die tee gevier is nie.

Die Monatengkamp, saam met vriendelike mense en ware Sawa-gasvryheid, het rustigheid en vrede gebring wat 'n lafenis vir siel en liggaam was. Nogmaals dankie aan Margriet en Rietvallei se seniors vir 'n aangename ervaring.

*Johann en Alet Lemmer (Kiepersol)*

Die "werkende klas" het Vrydag die 16de Januarie begin aankom. Gelukkig was dit 'n sonskyn dag vir kamp opslaan. Daar is 20 lede en 2 besoekers die naweek.



Vrydag aand is almal bederf met heerlike vetkoek en maalvleis na Boekevat. Daar is tot laat gekuier.

Saterdag oggend het baie laat geslaap en die dag verder om gekuier. Daar is 'n groepie ouers en kinders na die krokodilplaas om na die werksaamhede daar te gaan kyk.

Die aand na Boekevat het ons almal saam gebraai. 'n Groot sirkel is gemaak om die vure en weereens is daar tot laat gekuier.

Sondag oggend se Erediens was gelei deur Ds Fitzgerald. Hy en Tina het sommer besluit om die naweek saam ons te kamp. Watter aangename mense!



Die naweek is afgesluit met gesamentlike koek en tee. Omdat die senior burgers saamtrek gehou het, is besluit om die naweek gepas af te sluit. Hans lees 'n stuk voor van "Om 60 te word" en Jacques lees "Definisie van 'n Oupa en Ouma". Oom Neels sluit die naweek af met gebed.

Daarna het almal begin oppak en een na die ander vertrek. So kom alle goeie dinge tot 'n einde. Tot die volgende kamp…

*Willem en Leona Kruger*


**HANS MOBILE CARAVAN REPAIRS**

Profesionele dienste en klein herstel werke op u perseel.
Versekerings herstelwerke en groter herstelwerk word
by ons goed toegeruste werkswinkel gedoen.

Kontak vir Hans by 083 287 9252




Gebruik bordkruit om vetkolle uit klere te verwyder. Krap net met die kruit oor die vetkol en was soos gewoonlik – die kruit absorbeer die vet en was af in die masjien.

# Drie Berge
# 20 – 22 Februarie 2015

Drie Berge, 'n rustige kamp langs die rivier. Ons is altesaam 19 lede, 2 SAWA gaste en 3 besoekers. Met aankoms Vrydagaand was daar heerlike lasagne, slaai en 'n broodrolletjie. Selfs Sonja het hunke-punk met haar seer tone en al daar aangekom.
Oom Mynhardt behartig die Boekevat. Verder kuier almal rustig by hulle woonwaens weereens tot laataand.

Saterdag bring almal hulle Wit Olifante en ons hou verkoping onder die bome. Oom Daan koop 'n braai, terwyl tannie Elize onbewus by die woonwa besig is. Maar hy word uitgevang, dansy Tjaart. Almal het heerlik gelag en sy verdien sommer 'n Stomp van die Naweek nominasie. So maak ons vinnig 'n profyt van ±R670. Die items wat nie verkoop het nie, sal aan die 2015 Presidente geskenk word vir hulle Allerlei tafel. Dankie aan die Rietvalleiers vir die skenkings en aankope!



Bingo speel is harde werk



Daarna word daar Bingo gespeel onder die bome langs die rivier. Oom Mynhardt het 'n pragtige Bingo bord gemaak en toe ook aan Rietvallei streek geskenk. Pieter, Jean-Piere en Lizandrea trek die nommers en hang dit op. Die pryse word in volgorde van belangrikheid gekies: eers die wyn, dan die sjokolade ☺ Oom Daan sluit later by die Bingo aan en wen toe darem 'n sjokolade of 3 vir tannie Elize wat as vredegeskenk dien!

Die res van die dag spandeer die Rietvalleiers deur oor en weer te kuier en rustig wees. Anet se Saterdag-werkery (om sodoende haar bestellings betyds klaar te kry) verdien ook 'n Stomp van die Naweek nominasie, want sy sit fluks in die wa en naaldwerk doen terwyl die res kuier.

Saterdagaand na Pieter se Boekevat is dit buurman braai.




Sondag geniet ons weereens die natuurskoon met die Sondagboodskap onder die bome. Ons word herrinner om dankbaar te wees. Hans en Jean-Piere behartig die DisCo. Na die gebruiklike afkondigings en erkennings is dit koek en tee. So kom nog ‘n heerlike kampnaweek tot ‘n einde.

Dankie Vader, vir dié voorreg!

---

# Klein Paradys (Nylstroom)

# 13 - 15 Maart 2015

Die Rietvalleiers arriveer Vrydag vanaf 11:00.

Die oordbestuur wys spesifieke staanplekke aan en gou is gevind dat die Rietvalleiers almal deel is van een groot vriendekring en dat dit aangenaam is om ‘n buurman beter te leer ken.

Om 18:30 is boekevat waargeneem deur Ben waarna heerlike hamburgers en poeding geniet is.

Daar is gesellig in die groep gekuier en Gert het selfs ‘n kampvuur voorsien waar tot laatnag gesels is.

Saterdag is vroeg reeds ontbyt gemaak en verder gekuier.

Teen 10:30 is die stoele nader gebring en oom Mynhardt se nuwe Bingo-stel het vir heerlike ontspanning gesorg. Pryse is gewen (jammer, Daan, niks vir jou hierdie keer nie).

Boekevat is om 18:00 deur Pieter waargeneem met ‘n paar gedagtes oor Paasfees.

Hierna is die braaivleisvure aangesteek. Na die gesamentlike braai het almal weer tot laat gekuier om die kampvuur wat Willem Kruger gemaak het. Ann was so ingenome met Willem se vuur dat sy hom vir die kamper van die naweek genomineer het.

Tydens Sondag se Erediens in die saal was Nagmaal bedien. Die diens is waargeneem deur Ds. Andre Fritsgerald. Die diens was ‘n besondere belewenis, ons is opnuut bewus gemaak van die betekenis van die doringkroon en die Kruis. Ons sal hierdie diens verseker nog lank onthou.

Die kamp is afgesluit met die gebruiklike koek en tee onder die bome waarna almal lui-lekker opgepak het.

Dit was 'n heerlike kamp en almal is dit eens dat Klein Paradys (Nylstroom) beslis weer op die kamplys kan wees.

*Artikel - Pieter le Roux*


## Caravans/Woonwaens @ Montana

**BREEDTSTAAT MONTANA PARK**
**Sel: WILLIE 0827223925 / WIMPIE: 0769309634**
**RITA (TENTE) 0826514774**
**E-mail: willie@zawireless.co.za**
**Webtuiste: www.caravans-montana**

**VERKOPE DIENS HERSTELWERK TENT HERSTELWERK**

**VERKOPE VAN SKOON GEBRUIKTE WOONWAENS**
Ons het altyd voorraad van topgehalte gebruikte woonwaens. Alle waens deur ons verkoop ondergaan 'n A – Z ondersoek en word volledig gediens en geseël en dra 'n 6 maande waarborg
**IS JOU WOONWA TE KOOP – LAAT ONS DIT NAMENS JOU BEMARK**
**VERSIENING VAN WOONWAENS**
Ons doen roetine dienste op woonwaens – was en poleer- diens van hoekstutte-koppelstang-wiellaers en nog baie meer
**HERSTEL EN VERANDERINGS AAN WOONWAENS**
Ons verrig 'n wye verskeidenheid van herstelwerk aan woonwaens soos houtrot, haelskade ens. asook herstelwerk vir al die versekeringsmaatskapye. Ons bou ook LUGVERSORGERS EN ELEKTRIESE YSKASTE in
**TENT HERSTELWERK**
Herstelwerk aan tente en seile, vervanging van ritsluiters en gaas ens. Maak van nuwe tente , Rally tente, sykante, pale en tentsakke asook spesiale pennesakke ens. Ons doen ook weerkaats seile van versterkte materiaal

**KLIENTE DIENS IS ONS LEUSE**


Complaining about a silent God while your Bible is closed, is like complaining about not getting texts when your phone is turned off.

# Horison Sorgsentrum

**Horison Sorgsentrum gemeenskapsbetrokkenheid projek 2015**

Soos per vorige AJV en afkondigings, ons as streek het gesamentlik besluit om weer hierdie jaar werk by Horison Sorgsentrum te doen. Die doel is om die kinders te beveilig tydens hul op en aflaai, die voorste ingang te beveilig van sluipslapers en verbygangers asook om die geleentheid te skep waar kinders in rolstoele die buitelug kan geniet in 'n tuin.

Hennie en Tjaart het dus begin met die beplanning van die volgende projek. Verdere besonderhede en datums sal deurgegee word, kontak gerus vir Hennie henniee@netactive.co.za of Tjaart tjaartjk@absa.co.za

In kort kom dit daarop neer dat ons beplan om die voorste gedeelte van die sentrum se ingang te beveilig deur die aanbring van 'n heining, asook om die tuin te verfraai. Hiervoor benodig ons ten minste die volgende:

1. **Voorraad:**

- Staal heining panele (ons is reeds 'n belofte gemaak vanaf 'n staal maatskappy)
- Sand, klip en sement om die pale vas te sit
- Plaveisel - stene (ons het reeds 'n bakkie-vrag ontvang, enige verdere stene sal welkom wees – selfs ou stene)
- Riviersand en sement vir die plaveisel
- 2 skuifhekke, of staal om dit te kan maak, ongeveer 3m breed
- 4 x staal wiele vir die skuifhekke as ons dit moet maak
- 2 x groot slotte om hekke te sluit
- Moontlik verf vir die hekke

2. **Arbeid:**

- Hande arbeid om gate te grou (ongeveer 35 pale te plant)
  ***Of***
- Skening vir die huur van so 'n masjien
- Lê van plaveisel stene

3. **Tuin:**

- Plante en uitlê daarvan - Gideon het reeds aangedui dat hy sal voorsien, as daar enige ander los skenking is sal ook welkom wees

4. **Kontant:**

- Enige kontant skenkings sal welkom wees, betaal dit asb in ons rekening en merk duidelik van wie af dit kom en dat dit vir Horison Sorgsentrum is, BV Tjaart / HSS – dit kan ook anoniem wees as jy dit sou verkies. Hierdie sal gebruik word om kleiner aankope te doen soos bv. kleiner hardeware items, ens.

# Senior Burger hoekie

**Wat is 'n oupa en ouma?**

Oupas is mans-oumas en oumas is ma-mense.

Oupa is iemand nes ek, net biekie slimmer, want hy kan my help met somme wat Pappa nie kan doen nie. Ouma sal dan al die lekker warm beskuit aandra en jou bederf met koffie en dan druk jy die beskuit so diep in die koffie beker sonner dat jy raas kry.

Oupas gaan stap graag met sienkies en gesels net oor die plaas en skape. Oumas sal met jou gaan sit op die rusbank en na jou luister, nes die Here sou doen en sal met sussies praat oor hoe hulle pop pop gespeel het en met so klein stukkie materiaal vir hulle poppe klere gemaak het.

Oupa werk nie; hy het tyt vir jou, behalwe as hy slaap. Oupas slaap graag. As oupa slaap dan bederf ouma jou met al die sjokolades wat sy so onder die komberse wegsteek in die gangkas.

'n Oupa kan nie meer mooi sien nie, want hy wil altyt weet wat jy doen. Maar dis lekker om vir hom te sê, omlat hy regtig wil weet. As jy dalkies stout was sal ouma sê dat dit nog glad nie die einde van die wêreld is nie.

Oupas het baaaie geld, want hulle koop elke dag die koerant en gooi tien rant in die kerk. Oumas het so kaart wat sy gebruik om vir my daarie mooi skoene te koop wat so duur is en ek weet nie wie betaal die kaart nie. Maar die kaart betaal vir baie dinge.

'n Oupa is iemant wat altyt bly is om jou te sien, daarom hou hy altyt lekkers in sy sak en as jy nader kom dan moet jy eers so liggies aan die oor getrek word. Oumas hou meer daarvan om vir jou poeding met baie custard te gee en dan kan jy haar voorskoot aantrek, al is dit te groot vir jou.

Oupas vertel een storie tien maal. Elke keer anders. Jakkels en Wolf stories is mooi al het ek nog nie 'n rerige jakkels en wolf gesien nie. Dis so goed soos tien stories. Oumas ken weer kook en geniet uit hulle koppe uit en daars niks wat sy nie kan kook of bak nie en met eiers en meel kan oumas toor.

Almal moet probeer om 'n oupa en ouma te kry, want hulle is lekkerder as telewiesie kyk en die grootste stuk goud wat ek nog gesien het.

Horison Sorgsentrum

**(012) 804 3626**

# *Jeugnuus en -dinge*

***Wurmworsies***

**Jy het nodig:**
Rooi- of Weense worsies, in kwarte gesny
Rou spaghetti, in die helfte gebreek
Tamatiesous



**Dan maak jy só:**
Prik die worsie.
Druk sowat ses stukkies spaghetti in elke worskwart.

Laat 'n pot water vinnig kook.
Sit die worsies een vir een in die water sodat die water bly kook en nie skielik afkoel as jy alles gelyktydig ingooi nie.
Kook vir 15 minute (as jy dit korter kook, word die spaghetti in die worsie nie gaar nie).



Sit voor met tamatiesous en geniet die stilte.



**Maak jou eie borrelblaas mengsel:**

1½ koppies water
¾ koppie skottelgoedseep
3 eetlepels glycerine


# ULA'S PANDWINKEL

- NUWE EN GEBRUIKTE MEUBELS
- HENGELGEREEDSKAP
- HARDEWARE
- BEADS EN CRAFTS

De Villiers straat 156
Danville
Johan Vermaak 082 690 7909

# Rietvallei saamtrekplaatjies

**Saamtrekplaatjies toegeken aan lede:**

| Lede | Streek | Algemeen |
|---|---|---|
| Willem en Leona Kruger | 10 | |
| Pieter en Magdaleen Viljoen | 10 | |
| Henry Khats | 10 | |
| Pieter en Elmarie le Roux | 10 | |
| Wayne en Annemarie Botha | 30 | |
| Tinus en Tersia Fourie | | 25 |
| Henry en Roekie Hill | | 25 |
| Daan en Elize van den Berg | | 50 |
| Jacques en Diana Fourie | | 75 |
| Mynhardt en Wimpie Marais | 70 | 75 |
| Ben en Alta van Eeden | 80 | 100 |
| Hans en Erna Koekemoer | 90 | |
| Anet en Klaus Lübbert | | 125 |
| Fanie en Alida Venter | 120 | 150 |


# Verjaarsdae

| Januarie | Februarie | Maart |
|---|---|---|
| Ansie Delport | Georgina de Wagenaar | Etresia Crous |
| Tersia Fourie | Elize Engelbrecht | Willem de Jongh |
| Tjaart Fourie | Hennie Engelbrecht | Jacques Fourie |
| Elmarie le Roux | Tjaart Klaasen | Diana Fourie |
| Sieg Maritz | Jacques Marneweck | Roekie Hill |
| Wim van den Berg | Tamzin Marneweck | Glenn Kahts |
| Diedre van den Berg | Jean-Piere Viljoen | Hans Koekemoer |
| | | Erna Koekemoer |
| | | Klaus Lübbert |
| | | Anet Lübbert |
| | | Wimpie Marais |
| | | Lettie Ueckermann |

# Huweliks herdenkings

| Januarie | Februarie | Maart |
|---|---|---|
| Neels en Rina de Klerk | Johann en Elsabe Grobler | Fritz en Etresia Crous |
| Chris en Ansie Delport | Willem en Leona Kruger | Henk en Glenn Kahts |
| Mynhardt en Wimpie Marais | | Hans en Erna Koekemoer |
| Steve en Lulu Kleynhans | | Fanie en Alida Venter |
| Hennie en Anne-Marie Engelbrecht | | |

# Van Toeka tot nou



## Individuele papertjies:

Meelmengsel:

200 ml mieliemeel
1 pakkie garlic and herb patato bake

Gooi 1 liter pas gekookte water in diep mengbak
Klits meelmengsel by die water tot verdik.
Kook vir 4 min in mikrogolf op hoog.

Braai intussen spek blokkies en sampioene.
Neem 1 blikkie tamatie en uiesmoor.
2 koppies gerasperde kaas.

Skep pap in tuna blikkies.
Gooi tamatiesmoor, spek ,sampioene en kaas oor.
Sit onder griller tot kaas smelt en verbruin.
Alles is reeds gaar.
Die resep maak 8 sulke tuna blik tertjies











## Malvalekkertert:

1 blik kondensmelk
1 blik "crushed" pynappels
1 pakkie tennis- of mariebeskuitjies
Botter
Gesnipperde malvalekkers

1. Meng kondensmelk, pynappels en malvalekkers goed saam.
2. Krummelkors van mariebeskuitjies of tennisbeskuitjies met ¼ botter.
3. Giet mengsel bo-oor kors en plaas in yskas om te stol.

# Lag 'n slag

## 'n Paar Christelike grappies:




Thanks to Richard Germain (See Jonah 1-4) 09-19-2008

IT JUST SAYS "DON'T"




Thanks to Pam Winn (See Matthew 4:6) 03-18-2005

THINGS EASED UP ON GUARDIAN ANGELS AFTER AIR BAGS WERE INVENTED



Thanks to Dan 12-03-2007

ANOTHER ESKIMO BAPTISM GONE BAD




10-06-2006

WILL YOU PLEASE PICK UP ALL YOUR CLOTHES?



02-18-2005

GOOD THING I FOUND YOU GIDEON ... IT SEEMS SOMEONE HAS BEEN HIDING ALL YOUR BIBLES IN HOTEL ROOMS



Thanks to Shirley Ostrander 01-15-2004

HOW COME THE WAITRESS GETS 15% AND GOD ONLY GETS 10%?

‘n Groep vriendinne, almal **40 jaar** oud, bespreek waar hulle sal ontmoet vir middagete. Uiteindelik besluit hulle om te ontmoet by die *Ocean View* restaurant want die kelners daar is aantreklik, met stywe broeke en mooi boude.

Tien jaar later, ouderdom **50 jaar**, bespreek die vriendinne weereens waar hulle sal ontmoet vir middagete.
Uiteindelik besluit hulle om te ontmoet by die *Ocean View* restaurant want die kos was goed en die wyn verskeidenheid was uitstekend.

Tien jaar later, ouderdom **60 jaar**, bespreek die vriendinne weer waar hulle sal ontmoet vir middagete.
Uiteindelik is daar besluit dat hulle sal ontmoet by die *Ocean View* restaurant want hulle kan daar rustig en in vrede eet en die restaurant het ‘n pragtige uitsig oor die see.


Tien jaar later, ouderdom **70 jaar**, bespreek die vriendinne waar hulle sal ontmoet vir middagete.
Uiteindelik is daar besluit dat hulle sal ontmoet by die *Ocean View* restaurant want die restaurant is rolstoel vriendelik en het ‘n hysbak.

Tien jaar later, ouderdom **80 jaar**, bespreek die vriendinne waar hulle sal ontmoet vir middagete.
Uiteindelik besluit hulle om te ontmoet by die *Ocean View* restaurant want hulle was nog nooit daar nie!!!






## *Kampprogram*




## *Adverteer*

**SAWA lede met besighede of stokperdjies!!**

Ons sal jul advertensies plaas vir slegs R250 vir die jaar! Belangstellendes kan gerus 'n voorbeeld van die advertensie vir Magdaleen Viljoen (magdaleenv@absa.co.za) deurgee.